16.20 RAPPORT 15: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR SUID-AMERIKA (Artt 28, 66)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Dr DG Breed (s) en dr PJ Buys.

1. Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)

Ekumeniese bande

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van die bestaan en die werksaamhede van die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB) asook van die Christelike Universiteit (UPM) in Brasilië.

1.1.2 Die Sinode neem met groot dank kennis van die ooreenkoms wat gesluit is deur die NWU met die UPM as Christelike Universiteit in Brasilië. In besonder word waardering uitgespreek teenoor die Rektor van die NWU se PUKkampus, prof Herman van Schalkwyk, vir sy entoesiasme en leiding tydens die samesprekings met die Universidade Presbiteriana Mackenzie. Die Sinode spreek ook sy waardering uit teenoor die onderskeie Dekane wat by hierdie samesprekings betrokke was.

1.1.3 Die GKSA bied *ekumeniese bande* aan die IPB aan in die vertroue dat dit spoedig kan lei tot *ekumeniese eenheid*.

1.1.4 Die Sinode keur dit goed dat daar reeds afgevaardigdes van die IPB na hierdie Sinode van 2012 genooi is en dat ’n geleentheid vir ’n groeteboodskap aan een van die afgevaardigdes tydens hierdie Sinode gegee word.

1.1.5 Die bande tussen die GKSA en die IPB verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar moontlik, veral op die terrein van sending.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.5 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

Uitbou van bande tussen die GKSA en die IPB

1.2.1 Predikante van die IPB en die GKSA

Professor Davi Gomes van die IPB het in Oktober/November 2012 Suid-Afrika op uitnodiging van GKSA gemeentes besoek. Byeenkomste van gemeentes waartydens prof Gomes opgetree het, het in Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Randburg plaasgevind en is baie goed bygewoon. Die onderwerpe wat hy tydens die byeenkoms aangebied het, het nou aangesluit by die Algemene Sinode 2012 omkeerstrategiebesluit.

Ter ondersteuning van die omkeerstrategie het ‘n gemeente van die GKSA twee jonger predikante finansieel ondersteun om ‘n besoek aan die IPB in Brasilië te bring. Inligting aangaande hierdie besoek is deur die betrokke predikante in *Die Kerkblad* gepubliseer.

1.2.2 Ooreenkoms tussen die Teologiese Skool (TSP) en die Andrew Jumper Post Graduate Centre (AJGC)

‘n Formele ooreenkoms tussen die TSP en die AJGC is in 2012 gesluit. Die ooreenkoms word as Bylae aangeheg. Daar is reeds deur professore van die AJGC besoeke aan die TSP gebring en verdere besoeke en samewerking word in die vooruitsig gestel.

1.2.3 Susters

In 2013 het ‘n afvaardiging van die IPB se sustersorganisasie Suid-Afrika besoek. Die susters was afgevaardig om die gebiede in Afrika te besoek waar die IPB sendingwerk doen en ook om nouer bande met die GKSA te bewerk. Individuele gemeentes van die GKSA het die susters ontvang en inligting kon uitgeruil word en beplanning is gedoen vir toekomstige samewerking.

Die GKSA is in 2014 deur sr Ana Maria Prado, President of the National Confederation of Women´s Association of the Presbyterian Church of Brazil (CNSAF/IPB) uitgenooi om ‘n afvaardiging te stuur na ‘n byeenkoms van die susters in Fortaleza, Brasilië. Met die finansiële ondersteuning van GKSA gemeente kon ‘n suster van GKSA die byeenkoms as waarnemer bywoon. Die suster wat die byeenkoms bygewoon het, het geleentheid gehad om inligting aangaande aktiwiteite van die GKSA se susters oor te dra. Sy het ook reeds by byeenkomste van die GKSA se susters gepraat oor interessante en inspirerende gebeure by die susters van die IPB.

1.2.4 Samewerking tussen die GKSA en die IPB op die terrein van sending

In Oktober 2012 het ‘n afvaardiging van die IPB se raad vir sending (APMT) Suid-Afrika besoek. Die Deputate Ekumeniese Sake het ‘n byeenkoms gereël tussen die APMT en die gemeentes van die GKSA wat in Mosambiek sendingwerk doen. Deur hierdie byeenkoms is dit vir die betrokke gemeentes van die GKSA moontlik gemaak om die moontlikheid van samewerking te ondersoek en te beplan. Die Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid is via die Internet by die gesprek betrek en die moontlikheid van samewerking met die IPB in Angola, is bespreek en beplan. Daar kan vermeld word dat dr WC Opperman van Windhoek-Suid intussen Angola besoek het en gesprek is met die Igreja Presbyteriana doAngola (IPA) gevoer.

1.2.5 Die Presbiteriaanse Universiteit Mackenzie (UPM) en die Noordwes Universiteit (NWU)

Sedert die ondertekening van ooreenkomste tussen die NWU en die UPM het verskeie verwikkelinge plaasgevind wat aan die ooreenkoms gestalte gee. Wedersydse besoeke van dosente van die twee universiteite het die afgelope drie jaar plaasgevind. ‘n Aantal van die professore van Mackenzie Presbiteriaanse Universiteit is tans in die proses om by die NWU aangestel te word as buitengewone professore. Hierdie aanstellings sal gesamentlike navorsing en publisering van wetenskaplike artikels moontlik maak.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.5 kennis geneem.

1.3 *Besluite van die IPB aangaande kerklike bande met die GKSA*

1.3.1 Die IPB se Supremo Concilio

Al die kerke van die IPB vergader elke vier jaar as Supremo Concilio. Die Concilio bestaan uit meer as duisend afgevaardigdes deur die kerke van die IPB. Alleen die Supremo Concilio mag besluite neem aangaande die IPB se verhoudinge met ander kerke. Dr DG Breed het as ‘n afgevaardigde van die GKSA die Supreme Concilio 2014 in Natal, Brasilië bygewoon.

1.3.2 Besluit van die Supremo Concilio aangaande die GKSA

In 2012 het die GKSA se Algemene Sinode besluit dat die GKSA ekumeniese ***bande*** met die IPB wil aangaan en het ook die vertroue uitgespreek dat hierdie ekumeniese bande gou sal ontwikkel tot ekumeniese ***eenheid***.

In die lig van die eenheid in leer, diens en tug en die noue samewerking op verskeie terreine tussen die GKSA en die IPB, het die Supremo Concilio besluit dat hulle “sister relations”, dit is ekumeniese eenheid, met die GKSA wil aangaan. Die GKSA is skriftelik op 16 Oktober 2014 soos volg in kennis gestel:

Reformed Churches in South Africa (RCSA)
P. O. Box 20004, NOORDBRUG 2522, POTCHEFSTROOM, 055-665-NPO
South Africa (África do Sul)

Dear Brothers of the RCSA, Grace and Peace!

We approach the issue of relationship of our two esteemed denominations on behalf of the *Commission on Inter-Ecclesiastical Relations of the Presbyterian Church of Brazil* (**CRIE/IPB – Igreja Presbiteriana do Brasil**), under whose auspices are all international and inter-ecclesiastical relations of our denomination. It is our privilege to write to you on behalf of the Executive Secretary and the President of the *General Assembly of the Presbyterian Church of Brazil* (respectively, Rev Juarez Marcondes Filho and Rev Roberto Brasileiro Silva) to officially inform you of the action taken by our General Assembly (*Supremo Concílio*) gathered last July (20-25), in the city of Natal, state of Rio Grande do Norte.

Considering our previous contacts; the affinity detected between our denominations, our presence in your General Synod, in 2011; your decisions to begin formal relations with IPB, at that time; and your reciprocal presence in our Executive Commission Meetings and in our General Assembly, this year; CRIE/IPB made recommendation, in our Report to our General Assembly that we move forward in our relationship, expediting a step, and offering you the establishment of full fraternal relations (level 3) between RCSA and IPB. This was approved through its Resolution: **RO-SC/IPB-2014, *Doc* VI, item 2.g,** where it is moved that three denominations should have closer relationship with IPB, namely, the INPM (*Iglésia Presbiteriana de México*), **the RCSA (*Reformed Churches in South Africa*),** and the OPC (*Orthodox Presbyterian Church*).

It is our privilege, therefore, to extend this position of Fraternal Relations, to be considered by your next General Synod, which will be held in Potchefstroom between 6 and 15, January, 2015, to which we will warmly welcome a favorable decision, for us to enter into this new phase, as **Sister Churches**.

At this time we would like to thank you for the invitation to be present at your General Synod and to confirm that we intend to represent IPB at that Assembly. Travel plans are being made for CRIE Members, Elders **Solano Portela** and **Adonias Costa da Silveira** to be present in Potchefstroom, arriving January 6 and departing January 10, 2015. We will send shortly your forms properly filled. Also, we would like to thank the Rev Douw Breed for so faithfully represent the RCSA, at our events.

Looking forward to meet you again in January, 2015, if the Lord allows, and renewing our fellowship and Christian bonds, we are,

Rev Dr Davi Charles Gomes — President
Presbyter Solano Portela — Executive Secretary

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.4 *Aanbevelings*

1.4.1 Die Algemene Sinode spreek sy dankbaarheid uit omdat die verhoudinge tussen die GKSA en die IPB die afgelope jare gegroei het.

1.4.2 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die IPB se besluit aangaande ekumeniese verhoudinge met die GKSA.

1.4.3 Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika in die lig van eenheid in leer, diens en tug, met die Igreja Presbyteriana doBrazil, bande van “ekumeniese eenheid” aangaan.

1.4.4 Die eenheid tussen die GKSA en die IPB verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskillende terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.

Besluit: Punte 1.4.1 tot 1.4.4 goedgekeur.

D. **GROETEBOODSKAP : IGREJA PRESBITERIARANA DI BRASIL**

Prof DG Gomes dra die groete van die IPB aan die vergadering oor waarna die voorsittter, dr DG Breed, ‘n dankwoord aan hom en sy mede-afgevaardigde rig en wens hulle ‘n voorspoedige vlug toe.